
# Kirgisies

*Hierdie artikel handel oor die taal. Vir die etniese groep, sien Kirgisiërs.*

**Kirgisies** (кыргызча, قىرعىزچا, *kyrgyzcha*, [qɯrʁɯztʃɑ] of кыргыз тили, قىرعىز تىلى, *kyrgyz tili*, [qɯrʁɯz tili]) is 'n Turkiese taal wat deur sowat 4,6 miljoen mense in Kirgisië, Afganistan, Tadjikistan, Oesbekistan, Pakistan en die Volksrepubliek China gepraat word. Dit is die vyfde mees algemene taal van Sentraal-Asië naas Oesbekies, Kasaks, Tadjiks en Turkmeens asook die sewende mees gesproke Turkiese taal naas Turks, Azerbeidjans, Oesbekies, Kasaks, Oeigoers en Turkmeens. Kirgisies is die amptelike taal van die Republiek Kirgisië en verwant aan Kasaks en Karakalpaks.



Etniese kaart van Sentraal-Asië

Kirgisies word amptelik met 'n aangepaste Cyrilliese alfabet geskryf, maar op die internet word ook 'n variant van die Latynse alfabet gebruik. In Afganistan en die Volksrepubliek China word 'n aangepaste Arabiese alfabet gebruik.

Na die verbrokkeling van die Sowjetunie (aan die begin van die 1990's) het die regerings van die Sentraal-Asiatiese lande met Turkiese tale op die amptelike gebruik van die nuwe Turks-Latynse alfabet besluit. Vir Kirgisies en Kasaks het 'n kommissie 'n gemeenskaplike alfabet uitgewerk.[2]

Deesdae is Russies steeds die belangrikste taal in die groot stede, soos Bisjkek, terwyl Kirgisies sy waarde en invloed veral onder die jongmense verloor.[3]

| **Kirgisies**<br>**кыргызча, قىرعىزچا, *kyrgyzcha* of кыргыз тили, قىرعىز تىلى, *kyrgyz tili*** | |
|---|---|
| Uitspraak: | [qɯrʁɯzˈtʃɑ] of [qɯrˈʁɯz tiˈli] |
| Gepraat in: | Kirgisië<br>Afghanistan<br>Tadjikistan<br>Oesbekistan<br>Pakistan<br>Volksrepubliek China |
| Gebied: | Sentraal-Asië |
| Totale sprekers: | 4,6 miljoen[1] |
| Taalfamilie: | Altaïes<br>Turkies<br>Kipchak<br>Kipchak-Nogay<br>**Kirgisies** |
| Skrifstelsel: | Latynse alfabet<br>Cyrilliese alfabet<br>Arabiese alfabet |
| **Amptelike status** | |
| Amptelike taal in: | Kirgisië |
| Gereguleer deur: | Kirgisiese taalagentskap |
| **Taalbedreigingstatus** | |
| Uitgesterf — Bedreig — Veilig | |
| EX CR SE DE VU **NE** | |

Dit is **nie 'n bedreigde** taal volgens die UNESCO-wêreldatlas van bedreigde tale.

| **Taalkodes** | |
|---|---|
| ISO 639-1: | ky |
| ISO 639-2: | kir |
| ISO 639-3: | kir (http://www.sil.org/iso639-3/documentation.asp?id=kir) |



**Nota**: Hierdie bladsy kan IFA fonetiese simbole in Unicode bevat.



| Киргизский алфавит (Кыргыз алфавити) | | |
|---|---|---|
| Аа | Лл | Фф* |
| Бб | Мм | Хх |
| Вв | Нн | Цц* |
| Гг | Ңң | Чч |
| Дд | Оо | Шш |
| Ее | Өө | Щщ* |
| Ёё | Пп | Ъъ* |
| Жж | Рр | Ыы |
| Зз | Сс | Ьь* |
| Ии | Тт | Ээ |
| Йй | Уу | Юю |
| Кк | Үү | Яя |

Знаком * отмечены буквы, использующиеся только в заимствованных словах.

Die Kirgisiese Cyrilliese alfabet

# Verwysings


1. "Ethnologue: Languages of the World, Seventeenth edition, Kyrgyz" (http://www.ethnologue.com/language/kir) (in Engels). Ethnologue. Geargiveer (https://web.archive.org/web/20200504183730/https://www.ethnologue.com/language/kir) vanaf die oorspronklike op 4 Mei 2020. Besoek op 25 Januarie 2019.
2. (ru) Президент Турции Гюль в Астане уговаривает Н.Назарбаева перейти на латинский алфавит (http://www.centrasia.ru/newsA.php4?st=1197620340) Geargiveer (https://web.archive.org/web/20090903143851/http://www.centrasia.ru/newsA.php4?st=1197620340) 3 September 2009 op Wayback Machine
3. "Ferdinand, S. & Komlósi, F. 2016. Vitality of the Kyrgyz Language in Bishkek" (http://www.academia.edu/27246121/Vitality_of_the_Kyrgyz_language_in_Bishkek) (in Engels). IJORS 5-2, bl. 210-226. Geargiveer (https://web.archive.org/web/20180821112929/http://www.academia.edu/27246121/Vitality_of_the_Kyrgyz_Language_in_Bishkek) vanaf die oorspronklike op 21 Augustus 2018. Besoek op 10 September 2016.


# Eksterne skakels

- Wikimedia Commons het meer media in die kategorie Kirgisies.
- Wikiwoordeboek het 'n inskrywing vir Kirgisies.
- (en) "Kyrgyz language" (https://www.britannica.com/topic/Kyrgyz-language). Encyclopædia Britannica. Besoek op 25 Januarie 2019.

*Hierdie artikel oor 'n taal, taalgroep of taalfamilie is slegs 'n saadjie. Jy kan help deur dit uit te brei (https://af.wikipedia.org/w/index.php?title=Kirgisies&action=edit).*

| | |
|---|---|
| **Normdata: Nasionaal** | Duitsland (https://d-nb.info/gnd/4098449-7) · Japan (https://id.ndl.go.jp/auth/ndlna/00565980) · Tsjeggië (https://aleph.nkp.cz/F/?func=find-c&local_base=aut&ccl_term=ica=ph429624&CON_LNG=ENG) · Israel (https://www.nli.org.il/en/authorities/987007545807605171) |

Ontsluit van "https://af.wikipedia.org/w/index.php?title=Kirgisies&oldid=2563453"